# Les 07 KONINGSKINDERS: DIE HERE WAT ONS LEWE GEE, BESKERM ONS LEWE

## 1. Inleiding

Verlede keer het ons gesien God laat Sy kinders leef, al probeer koning Farao hulle doodmaak. Hy keer dat die Farao se slegte plan werk. Die Here gebruik sommer twee ou tannies om te sorg dat hierdie groot en magtige koning se plan nie kan werk nie. Vandag gaan ons kyk hoe God Farao se tweede plan om die seuntjies dood te maak, omdraai: God gebruik Farao se slegte plan om Sy goeie plan vir Sy kinders, te laat werk. God is só magtig dat Hy die Farao se plan om seuntjies dood te maak, gebruik om al Sy kinders te laat leef.

## 2. Farao gebruik mense wat nie na God nie, maar na hóm luister, om sy tweede plan te laat werk

Kom ons lees hierdie ware verhaal saam uit die Bybel*:*

*"22 Daarna het die farao sy hele volk beveel: "Julle moet elke pasgebore seuntjie in die Nyl gooi, maar spaar die dogtertjies se lewe. 'n Man uit die stam Levi was met 'n Levitiese meisie getroud. 2 Die vrou het swanger geword en 'n seuntjie in die wêreld gebring. Toe sy sien hoe mooi is hy, het sy hom drie maande lank weggesteek. 3 Langer kon sy hom nie wegsteek nie. Daarom het sy vir hom 'n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit. 4 Sy suster het op 'n afstand gaan staan om te sien wat met hom gebeur.5 'n Dogter van die farao het afgegaan Nyl toe om te swem, en die jongmeisies wat haar vergesel, het aan die kant van die rivier geloop. Toe sy die mandjie tussen die riete sien, stuur sy haar diensmeisie om dit te gaan haal. 6 Met die oopmaak sien sy dit is 'n seuntjie en hy huil. Toe kry sy hom jammer en dink: dit is seker een van die Hebreeuse seuntjies. 7 Sy suster kom sê toe vir die farao se dogter: "Mag ek vir u 'n vrou gaan roep, 'n Hebreeuse vrou met 'n pasgebore baba, dat sy die seuntjie vir u kan laat drink?" 8 Die dogter van die farao het haar geantwoord: "Ja, goed!" Die meisie het toe die seuntjie se ma gaan roep. 9 Toe beveel die farao se dogter die ma: "Neem hierdie seuntjie en laat hom vir my drink. Ek sal jou daarvoor betaal." Die vrou het die seuntjie geneem en vir hom gesorg. 10 Toe hy oud genoeg was, het sy hom na die dogter van die farao toe gebring, wat hom as haar eie seun aangeneem het. Sy het hom Moses genoem, "want," het sy gesê, "ek het hom mos uit die water gehaal."* (Exodus 2)

Die eerste plan van die Farao om die seuntjies dood te maak, het nie gewerk nie. Die twee tannies het na die Here se Woord geluister, nie na die Farao se opdragte nie. Kyk watter slinkse plan maak die Farao nou. Hy sien dat dit nie help om die Here se kinders te vra om seuntjies dood te maak nie. Hulle luister nie na hom nie. Nou gee hy hierdie onmenslike opdrag vir ander. Hy gee dit vir mense wat nie die Here as God aanbid nie. Dit is die mense wat glo Farao is God, nie die Here nie. Hulle kry nou die opdrag om sommer die seuntjies van die Here se kinders in die Nylrivier gooi om te verdrink.

Wat gaan nou gebeur? Hulle koning gee hulle die opdrag om enige babaseuntjie van die Here se volk, sommer op enige plek en enige tyd te gryp en in die Nylrivier te gooi. Hulle pappas en mammas mag niks doen om dit te keer nie. Die polisie mag hulle nie help nie. Die soldate mag hulle nie help nie. Die regters en prokureurs mag hulle nie help nie. Hulle moet maar net magteloos kyk hoe hulle babaseuntjies deur enigiemand in die Nyl verdrink mag word.

Die rivier wat die Here vir die mense gee om altyd goed van te kan lewe, maak die koning 'n rivier om seuntjies in dood te maak!

**3. Die ouers wat in die Here glo, beskerm hulle kinders**

Wat maak hierdie seuntjies se ouers? Staan hulle maar sommer so stil en kyk dat hulle seuntjies gegryp word en verdrink word? Nee. Hulle glo in die Here wat hierdie seuntjies gemaak het, en hulle laat lewe. Hulle glo nie in konings wat hulle kinders wil wegvat en doodmaak nie.

Toe Moses gebore word, sien sy ouers hy is mooi. Dit is 'n bietjie anders as wat ons dink dat 'n baba mooi lyk. Hierdie mooi beteken nie "oulik" nie. Hierdie woord "mooi" wat hier gebruik word, is presies die woord wat die Here in Genesis gebruik as Hy klaar iets gemaak het. In Genesis staan daar dat wanneer die Here lig klaar gemaak het, dan sien God die lig is goed. As die Here klaar die plante gemaak het, dan sien die Here die plante is goed. As die Here klaar lig en donker gemaak het, dan sien die Here dit is goed. As die Here iets gemaak het, dan is dit goed.

Net so sien Moses se pa en ma nadat die Here vir Moses gemaak het en vir hulle gegee het om hulle seuntjie te wees, dat hierdie seuntjie Moses, goed is.

Vra maar vir julle pa's en ma's toe hulle julle die eerste keer vasgehou het, wat het hulle gevoel en gesien? Hulle sal vir julle sê: Ons het gevoel ons hou 'n wonderwerk vas! Ons hou iemand wat die Here gemaak het, in ons arms! Ons hou iemand wat God góéd gemaak, het in ons hande!"

Kinders wat die Here maak – is mooi! Hulle is Sy handewerk. Daarom is dit goed om na babas te kyk en hierdie wonder van God, wat lewe maak en lewe gee, te kan sien en te kan voel.

Daarom voel hulle nie magteloos teen hierdie maglustige koning nie. Hulle glo nie hy is God se baas nie. Hulle glo nie hy kán God se baas wees nie. Hulle sien die wonder van die lewe wat God gee, in hierdie klein seuntjie. Daarom besluit hulle dat hulle luister na die God wat lewe maak. Hulle luister na die God wat babas lewe gee.

Omdat hulle só in God glo, steek hulle hierdie klein wonderwerkie van God weg, sodat niemand hom in die rivier kan gooi nie. Hulle voel nie magteloos en sit maar net en wag dat mense hulle seuntjie gryp en verdrink nie. Hulle voel deel van die wonder van die lewe wat God aan hierdie seuntjie in hulle arms gegee het.

Toe die seuntjie te groot word om stil in die huis te wees, het hulle wéér nie maar net stilgesit en niks gedoen nie. Hulle weet hulle is deel van die wonder van die lewe wat God gee – en daarom maak hulle wéér ’n slim plan om hulle seuntjie te beskerm. Sy ma het vir hom ’n bootjie van riete gemaak waarin hy tussen die riete in die Nylrivier kon lê.

Kyk watter slim plan is dit! Mense soek kinders in die huise om in die rivier te gaan gooi. Waar is die beste plek om hulle weg te steek? Binne-in die rivier! Daar waar niemand gaan soek na ’n lewendige seuntjie nie. En sy sussie pas hom op. As dit kostyd is gaan haal sy hom, en daarna steek sy hom weer weg.

Kinders van die Here glo in God, wat die wonder van die lewe maak en gee. Oor hierdie lewe wat God ons gee, voel ons áltyd: “Dit is mooi! Dit is goed!” Daarom luister ons altyd na God en sal ons enige plan maak om kinders en mense se lewens te beskerm. Ons kan nooit maar net sit en kyk en niks doen as die lewe wat die Here gee, bedreig word, seergemaak word, of in gevaar gestel word nie.

Ons sal nooit luister na mense wat sê ons moet die lewe wat God vir kinders gee, van hulle wegvat of hulle seermaak nie. Die Here se kinders voel altyd só oor die lewe wat die Here maak en gee: dit voel altyd soos ’n klein babatjie in ons arms. Dit is ’n wonder van God wat ons wil bewaar en beskerm.

## 4. Die Farao se dogter voel ook die wonder van ’n babatjie se lewe

Wat dink julle sal mense wat nie in God glo nie, voel en dink as hulle hierdie wonder van God sien en voel: God wat lewe maak en lewe gee aan babatjies? Kyk wat gebeur met Moses!

Die Farao se dogter gaan swem in die Nylrivier. Net daar waar Moses weggesteek is. En toe? Toe sien van haar bediendes die mandjie met Moses daarin. Hulle vat die babatjie na die Farao se dogter toe. Onthou nou, dis haar pa wat die bevel gegee het: “Alle Hebreeuse seuntjies moet gegryp word en in die rivier verdrink word!” Sy glo óók haar pa is God. Sy glo óók alles wat hy sê, moet gedoen word. Sy glo glad nie in die Here nie. Sy glo in haar pa se mag om altyd alles te mag sê, en wat altyd gehoorsaam moet word.

Kyk mooi wat laat die Here gebeur! *“Met die oopmaak sien sy dit is ’n seuntjie en hy huil. Toe kry sy hom jammer en dink: dit is seker een van die Hebreeuse seuntjies.”* Hierdie vers moet ons probeer onthou. Kom ons sê dit hardop ’n paar keer saam

en oefen dan om dit een-een in die klas op te sê: *"Met die oopmaak sien sy dit is 'n seuntjie en hy huil. Toe kry sy hom jammer."*

Die Farao se dogter voel ook die wonder van die lewe wat die Here aan hierdie babatjie gegee het – en daarom kry sy hom jammer. Al weet sy haar pa gesê hý is God, hý sê wie moet leef en wie moet doodgaan, voel sy dat hierdie lewe van hierdie baba goed is. Wat haar pa gesê het, mag nie met hierdie wonderwerk wat sy sien en vashou, gebeur nie. Sy wil hê hy moet leef. Dit maak nie saak wat haar pa, die groot en magtige koning, gesê het nie.

Al glo sy nie in die Here nie, voel sy die wonder en krag van die lewe wat die Here aan hierdie babatjie gee. Dadelik weet sy haar pa is verkeerd. Hierdie baba mag nie vermoor word nie.

**5. Die Here gebruik die jammerhartigheid van Farao se dogter, om Sy kinders te laat leef**

Wat maak die Farao se dogter toe sy hierdie wonder voel van die lewe wat die Here gee? Sy besluit om hierdie baba te beskerm teen die doodsbevel van haar pa. Hoe kan sy dit regkry? Mense glo haar pa is God! Alles wat hy sê, moet gedoen word! Maar sy wil hierdie wonderwerk, 'n baba wat lewe, red en beskerm. Toe maak sy hierdie plan – sy neem hierdie Hebreeuse baba aan as haar eie baba. Nou is hy 'n Egiptiese baba! Egiptiese babas mag nie doodgemaak word nie!

Kyk wat doen die Here! Farao besluit hy sal Hebreeuse babaseuntjies doodmaak. Die Here gebruik die Farao se dogter om Moses teen die Farao te beskerm. Waar? Binne-in die Farao se paleis! Die Here maak Moses die Farao se eie kleinseun. Moses, wat die Farao wil doodmaak, is nou 'n prins binne-in die paleis. Die Here gebruik die Farao se eie paleis, sy eie naam en sy eie mag as Farao, om die seuntjie wat hy wil dood hê, te laat lewe.

En dit doen God deur Farao se eie dogter. Sy voel binne-in haar hart die lewe wat die Here gee, is te groot en te wonderlik om deur haar pa seer en stukkend gemaak te mag word.

**6. Die Here laat Moses grootword om al Sy kinders se lewens te beskerm**

Kyk hoe groot is God! Farao wil Moses doodmaak. God laat Farao Moses grootmaak as sy eie kleinseun. Hy leer Egipties praat soos 'n belangrike en geleerde Egiptenaar. Hy leer hoe die Egiptenare lewe. Hy sien hoe hulle al hulle planne maak. Hy leer as prins hoe werk die weermag en soldate van die Farao. Hy leer as prins hoe om met al die belangrike mense van Egipte te kan praat.

Dit laat God gebeur: hierdie seuntjie wat doodgemaak moes word, leef as prinsie in die paleis. Altyd veilig en beskerm, want die Farao se dogter is nou sy

aanneem-ma, wat hom liefhet. En teen hierdie liefde van sy eie dogter, kan die Farao nie sy doodmaak-planne laat werk nie.

Die Here laat Moses só veilig en goed grootword. Só sorg die Here dat Moses eendag die man kan wees wat God kan gebruik om al Sy kinders te red. Só gaan God Sy kinders van die wreedheid en magsug van hierdie koning, wat dink hy is God, red.

## 7. Die Here beskerm vandag nog Sy kinders op hierdie manier in die wêreld

Dit is hoe groot en magtig die Here is. Hy vat vandag nog al die slegte planne van mense wat besluit hulle is God, hulle kan maak en breek soos hulle wil – en gebruik dit vir Sy goeie planne met Sy kinders.

Hy laat ook mense wat glad nie in Hom glo nie, die wonder voel van die lewe wat God vir babas en kinders en mense gee. Só maak God hierdie mense wat niks van die Here af wil weet nie, deel van Sy planne om Sy kinders te laat lewe.

So? Wat moet ons weet as ons hoor van planne wat mense maak om ons seer te maak, kwaad aan te doen, sleg te behandel en dood te maak? Wat weet ons gaan die Here doen? Hy sal hierdie mense se eie kinders, hulle eie familie, gebruik om hulle slegte planne te breek en Sy eie plan om vir ons goed te wees, te laat werk binne-in die slegte plan van ander mense.

## 8. Ons glo nooit in die mag van mense wat die lewe seermaak nie, ons glo in die mag van die Here wat lewe gee

Wie se mag is die sterkste? Die Here wat lewe maak, die Here wat babas laat lewe, of mense wat die lewe van kinders wil seermaak, stukkend maak, wegvat en wil steel asof dit hulle eie lewe is?

Wat het die Farao gedink? Hy het gedink hy kan die lewe wat die Here gee, breek en wegvat. En toe kom die Here en maak die Farao se eie dogter die een wat keer dat hy sy slegte planne kan uitvoer.

Die Here wat ons laat deel in hierdie wonderwerk dat ons in Sy skepping kan leef – is magtiger en slimmer as enige ander mens wat dink hy is God. Die Here sal hulle sommer gebruik vir Sy eie goeie plan, al dink hulle hul slegte planne is slimmer en sterker as die Here se planne.

Omdat ons glo in die Here wat ons in hierdie wonderwerk laat deel – ons leef! – kan ons elke dag ons lewe leef en weet God beskerm ons teen al die bose planne van mense wat ons lewe wil seermaak, stukkend maak en van ons wil wegvat.

## 9. Opdrag

**Les 07 Koningskinders: die Here wat ons lewe gee, beskerm ons lewe.**

Gaan vra vir Ma of Pa, Oupa of Ouma, wat het hulle gevoel toe hulle julle die eerste keer as baba in hulle arms vashou? Dan sê julle vir hulle die Here wat ons lewe gee, sal ook ons beskerm.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

___________________________________
Handtekening: ouer of voog